Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Azola Njotini**
Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur
Azola.Njotini@westerncape.gov.za | 021 467 2289

Lêerno.: 14/2/4/SNAP Survey
Verwysing: 20221102-8323

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0004/2023

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Leerderondersteuning, Provinsiale programbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Beplanningsamptenare en Prinsipale van openbare en onafhanklike spesiale skole

**Onderwerp: Kitsopname vir openbare en onafhanklike spesiale skole in 2023**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se kitsopname vir spesiale skole sal op **07 Maart 2023** afgeneem word.

2. Prinsipale moet die akkuraatheid van die leerder- en opvoederdata op SOBIS afteken. Provinsiale programbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, en Beplanningsamptenare moet die data van die kitsopname teen die sperdatum op **14 Maart 2023** afteken.

3. Voordat die prinsipaal of afgevaardigde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende korrek op SOBIS bygewerk is:

   a) Alle leerders wat geregistreer is en in 2023 skool bywoon, is volgens hul korrekte grade, klasse en kategorie vir taal-van-onderrig-en-leer ingevoer.
   b) Leerderoorplasings (in en uit) is afgehandel.
   c) Afgestorwe leerders is gederegistreer en die datum van afsterwe ("*date deceased*") is aangeteken soos op die doodsertifikaat aangedui.
   d) Graadveranderinge is afgehandel.
   e) Vakveranderinge is afgehandel.

4. Die prinsipaal of afgevaardigde moet ook seker maak dat die lys met opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer is, asook jare ondervinding, grade en vakke wat in 2023 onderrig sal word. Grade en vakke wat in vorige jare onderrig is en wat nie meer op die opvoeder se 2023-werkslading van toepassing is nie, moet verwyder word.

5. Om met die verifiëring van skole se leerder- en opvoederdata te help, word verskeie foutverslae beskikbaar gestel wat leiding sal gee en sal verseker dat die bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, korrek is. Maak asseblief seker dat alle foute wat in hierdie verslae aangedui word, voor aftekening opgelos is.

6. Om te bevestig dat die data geverifieer en 'n akkurate voorstelling van die leerderinskrywings en getal personeellede soos op **07 Maart 2023** is, moet die afdeling van die opname wat afgeteken moet word, volledig ingevul wees.

7. Die prinsipaal, as die institusionele Onderwysbestuursinligtingstelsel- (OBIS-) beampte, moet die dataprosesse bestuur om seker te maak dat die bewys van verifikasie en die handtekeninge van die personeel wat afgevaardig is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeure getoon kan word. Aangesien die inligting geouditeer kan words, moet die skool se sakeproses ten opsigte van die OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid vir die akkuraatheid van data te verseker.

8. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders sonder identiteitsdokument- (ID-) nommers te identifiseer en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te vergemaklik. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldig ID-nommer nie, MOET 'n ongeldige ID-nommer NIE vasgelê word NIE. Adviseer asseblief ouers oor die proses om vir 'n ID-dokument by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Prinsipale se aandag word gevestig op Omsendbrief 0053/2021, gedateer 09 Maart 2022, oor die toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse of buitelandse leerders en word versoek om ouers by te staan en, waar moontlik, die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

9. Die Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur sal nakoming en gehalte van die data van alle voorleggings van die kitsopname monitor en sal alle voorvalle van nienakoming, teenstrydighede en datatekorte by die Hoof van Onderwys aanmeld.

10. Indien enige probleme met die voltooiing van hierdie kitsopname ondervind word, kontak gerus die skole se IT-dienstoonbank by 021 834 4690 of SchoolsIT.Servicedesk@westerncape.gov.za.

11. Onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel is van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

12. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kom asseblief met die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar in die lys hieronder in aanraking:

## Provinsiale programbestuurders: Openbare spesiale skole

| Skole/sentrums | Programbestuurder | Telefoonnommer | E-pos |
|---|---|---|---|
| Gesiggestremd (Blind), hospitaalskole | Harriet Lakey | 021 467 2906 | Harriet.Lakey@westerncape.gov.za |
| Ernstige intellektuele gestremdheid | Dheena Achary | 021 467 2122 | Dheena.Achary@westerncape.gov.za |
| Spesifieke leergestremdheid, liggaamlike gestremdheid, serebrale verlamming | Michael Heine | 021 467 9288 | Michael.Heine@westerncape.gov.za |
| Outisme/Gehoor-gestremdheid (Doof) | Denville Dawson | 021 467 2223 | Denville.Dawson@westerncape.gov.za |
| Vaardigheidskole | Rhoda Manuel | 021 467 2227 | Rhoda.Manuel@westerncape.gov.za |

## Bestuur en Beheer & Beplanningsamptenare: Onafhanklike spesiale skole

| Kontakpersoon | Telefoonnommer | E-pos |
|---|---|---|
| Jerry Mofoka | 021 467 2050 | Jerry.Mofoka@westerncape.gov.za |
| Kubeshini Govender | 021 467 2548 | Kubeshini.Govender@westerncape.gov.za |
| Ghalid Jacobs | 021 467 2582 | Ghalid.Jacobs@westerncape.gov.za |

## Inligtingstelselsbeamptes

| Distrik | SOBIS-distriksadministrateur | Telefoonnommer | E-pos |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Siviwe Mdelo | 021 938 3052 | Siviwe.Mdelo@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Anita McGrath<br>Tercia Southgate | 021 514 6751<br>021 514 6737 | Anita.mcgrath@westerncape.gov.za<br>Tercia.Southgate@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Anastasia Kinnear<br>Masixole Stofile | 021 370 2120<br>021 938 3052 | Anastasia.Kinnear@westerncape.gov.za<br>Masixole.Stofile@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Buseka Ndinisa<br>Thembeka Dlamini | 021 900 7053<br>021 900 7011 | Buseka.Ndinisa@westerncape.gov.za<br>Thembeka.Dlamini@westerncape.gov.za |
| Weskus | Kurt Lewis (Waarnemend) | 021 860 1202 | Kurt.Lewis@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynland | Kevin van Eeden<br>Ferrin Stellenboom | 023 348 0635<br>023 348 0661 | Kevin.Vaneeden@westerncape.gov.za<br>Ferrin.Stellenboom@westerncape.gov.za |
| Overberg | Suzanne Braaf | 028 214 7411 | Suzanne.Braaf@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentrale Karoo | Romelda America<br>Keith Zibi | 044 803 8367<br>044 803 8346 | Romelda.America@westerncape.gov.za<br>Keith.Zibi@westerncape.gov.za |

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voortgesette samewerking in 2023.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2023-01-17